SAWA - GEBIED GOUE WESTE

NUUSBRIEF VAN STREEK WESRAND JAARGANG 42, NO.2 NOV 2012-JAN 2013

KAMPVUURNUUS

## INHOUD

1 Wesrand bestuur 2012/2013
2 Redaksioneel
3 Ons Voorsitter aan die woord
4 Terugvoer – Bestuursvergaderings
5 Terugvoer – Bestuursvergaderings
6 Kampnuus – Kerskamp: Koppisol 16&17 Nov 2012
7 Kampnuus – Kerskamp: Koppisol 16&17 Nov 2012
8 Kampnuus – Gebiedsaamtrek: Klub Amigos 25&26 Jan 2013
9 60+ …. Wesranders
10 Laggie virrie daggie
11 Kampdatums 2013
12 Lief en Leed / Wesranders verjaar
13 Vir ons jongspan
14 Vir ons jongspan

Proefleser: Willie Steyn

Fotos: Winnie Soekoe
Tammy Soekoe

# WESRAND BESTUUR 2012 – 2013

**Voorsitter:** Willie Steyn, 0828234013,willie.steyn@standardbank.co.za

**Ondervoorsitter:** Anton Geldenhuys, 0732298601,Sarie.Geldenhuys@tigerbrands.com

**Sekretaresse:** Naomi Groenewald, 0767542842,nagroenewald@gmail.com

**Penningmeester:** Martie Steyn, 0720220573, martie.steyn@za.drdgold.com

**Redaktrise:** Winnie Soekoe, 0836426327, wcsoekoe@telkomsa.net

**Snr Burger verteenwoordiger:** Andre de Koker, 0828542626, andredekoker@vodamail.co.za

**Plaatjiekoördineerder:** Lyonel Soekoe, 0828884152, soekoe@telkomsa.net

**Addisionele lid:** Elaine de Koker, 0833675013



**Voorsitter**



**Ondervoorsitter**



**Sekretaresse**



**Redaktrise**



**Penningmeester**



**Plaatjiekoördineerder**



**Addisionele lid**



**Snr Burger Verteenwoordiger**

KAMPVUURNUUS

# REDAKSIONEEL

***VOORSPOEDIGE NUWE JAAR AAN JULLE ALMAL ……..***

***Kan julle glo dat ons al amper aan die einde van Februarie 2013 is? Skrikwekkend!!!! Die tyd gaan weereens te vining verby na my sin.***

***Ek wil graag met julle gesels oor tyd saam met ons gesinne en veral tussen man en vrou [huweliksmaats]. Ek voel dat ons hierdie jaar regtig uit ons pad uit moet gaan om meer tyd saam met ons gesinne/geliefdes te bestee. Ek praat hier, om kwaliteit tyd, te spandeer saam met jou man/vrou en kinders. Dit gebeur so maklik dat ons almal verby mekaar begin leef en mekaar net as 'n 'gewoonte' sien en ook so teenoor mekaar optree.***

***Kom ons respekteer mekaar weer soos in die begin van die huwelik. Luister na mekaar se opinies en idees. Raak saam met mekaar weer opgewonde. Sien mekaar as gelyke huweliksmaats. As dit dat nou moet "RAAK WEER VAN VOORAF VERLIEF OP MEKAAR". Ek weet dit klink miskien vir julle na 'n onmoontlike taak, maar as ons elkeen net 'n klein gedeelte van die eerste jare herleef kan dit mos net goed gaan met ons.***

***Ek wil julle uitdaag om bietjie tyd te spandeer en weer te dink oor hoekom ons graag gesinne wou gehad het. Hoekom wou jy, meneer die Sawanant graag 'n vrou gehad het om jou lewe mee te deel en kinders wat om julle hardloop, en mevrou die Sawanant wat is die rede dat jy so hals-oor-kop verlief gaan staan en raak het op jou held? Kom ons hanteer mekaar asof elke dag VALENTYNSDAG is. Jy hoef nie net een dag van die jaar daardie spesiale persoon in jou lewe te wys hoe jy oor hom/haar voel nie. Gaan voluit hierdie jaar en maak dit 'n VALENTYNSJAAR!***

***Laat jou kinders sien en beleef dat hulle ouers nog net so lief is vir mekaar soos die dag wat hulle tot die huwelik toegetree het. Wys aan jou kinders dat hulle 'awesome' is. Valentynsdag is nie net daar vir man en vrou nie maar ons kan ook ons kinders spesiaal behandel en ons liefde vir hulle vier. Toe, gaan koop sommer vandag nog vir elke een in jou gesin 'n sjokolade …….. miskien 'n "PS: Ek is lief vir jou" en sit dit sommer in hulle kosblikke of op hulle kussings sodat jy seker is hulle gaan dit sien en lees.***



***Nou ja, dit is my storie vir nou. Hoop om julle almal by die volgende kamp te sien.***
***Groete Winnie***

KAMPVUURNUUS

# ONS VOORSITTER AAN DIE WOORD

*Dagsê Wesranders*

***Die jaar is al meer as 'n maand oud en ons het sedert my vorige skrywe alreeds twee saamtrekke gehad. Ons Kerskamp in November was by Koppisol en dit was 'n naweek vol aktiwiteite, die kinders het geswem, op die springkasteel baljaar en fiets gery. Die hoogtepunt was Kersvader en die kinders was vol afwagting vir hulle geskenke. Ek wil almal bedank wat al die aktiwiteite vir die kinders moontlik gemaak het, asook die konsert wat in 'n kort tydjie van voorbereiding en oefening deur die kinders aangebied is.***

***Ons eerste saamtrek vir 2013, was die Gebiedssaamtrek by Amigo's waar vyf van die ses streke die saamtrek bygewoon het, naamlik Goudrif, Goudstad, Kosmos, Roodekruin, Wesrand en twee bestuurslede van Schoonspruit wat slegs die Gebiedsbestuursvergadering bygewoon het. Ons het dus ook die geleentheid gedurende die naweek gehad om die ander streke se lede beter te leer ken met Saterdagaand se saambraai, ten spyte van die wind en die reën.***

***Dit was verblydend om te sien dat Wesrand die saamtrek so goed bygewoon het, ons was die meeste woonwaens (14), in vergelyking met die ander streke, kom ons probeer om al ons kampe hierdie jaar so goed by te woon.***

***Ek wil julle net herinner aan ons volgende twee saamtrekke naamlik Malonjeni 22 tot 24 Februarie en die Presidente by Klipdraai 29 Maart tot 1 April. Die Presidente saamtrek is die hoogtepunt van al die saamtrekke en kan nie gemis word nie, so … bespreek nou al julle staanplek.***



**Vriendelike groete Willie Steyn**

KLUB AMIGOS – JANUARIE 2013





KAMPVUURNUUS

# TERUGVOER - BESTUURSVERGADERINGS

***Wesrand bestuur het sedert die vorige nuusbrief, aan die einde Oktober 2012, 2 bestuursvergaderings gehou.***

***<u>Sake voortspruitend uit die bestuursvergaderings:</u>***

***Tydens die vergadering gehou in November 2012 het die bestuur nog 2 aansoeke om lidmaatskap goedgekeur. Baie welkom aan Hendrik en Daleen Griesel en Len en Elain Smith. Ons sien uit daarna om 'n pad saam met julle te stap.***

***Op versoek van Lyonel Soekoe het die vergadering dit goedgekeur om nuwe Kampkommandant plaatjies aan te koop. 'n Voorstel is gemaak dat die lede hulle plaatjies kontroleer/dokumenteer. Die wat hulle kampe wil dokumenteer, kan die nodige dokument by Lyonel aanvra.***

***Tydens die vergadering gehou in Januarie 2013 het die bestuur die besluit goedgekeur om 'n bedrag van R3600, wat ingesamel is deur kollekte, aan die Beeld kinderfonds oor te betaal.***

***Winnie Soekoe doen 'n beroep op die Wesrand lede om bydraes te lewer tot die nuusbriewe. Dit hoef nie noodwending 'n berig te wees nie, maar kan in die vorm van 'n gedig, grappie ens. wees.***

***Die nuusbrief vir die periode Aug 2012 tot Okt 2012, is aan alle lede wat toegang het tot epos, elektronies gestuur. Lede wat 'n wit-en-swart, gedrukte kopie wil hê, kan dit by Winnie Soekoe aanvra.***

*Koppisol / Kerskamp – 16&17 November 2012 – Die bestuur het opgetree as kampkommandante. Die kinders se Kersboom was 11 uur die oggend en dit lyk asof die kinders dit baie geniet het. Baie dankie aan Sanet Steyn vir die kersprogram wat sy saamgestel het in 'n baie kort tydtjie. Ons het dit baie geniet om die kinders in die kerstoneel te sien. Die wenner van die mooiste kerstafel was Tricia Swanepoel en haar gesin. Wel gedaan. Aan almal, 'n groot dankie vir die lekker saamkuier.*

*Klub Amigos – Gebiedsaamtrek – 25&26 Januarie 2013 – Francois en Naomi Groenewald het opgetree as kampkommandante. Baie dankie vir 'n lekker naweek. Positiewe terugvoer is ontvang vanaf die Wesrand lede wat gaan kamp het, dat hulle definitief weer by Klub Amigos sal gaan kamp. Die plek is pragtig en die geriewe is baie mooi en skoon. Die hamburgers van Vrydagaand was 'YUMMY'! Die verskillende streke se lede het Saterdagaand lekker gesels om die braaivleisvuur. Die Gebiedsbestuurvergadering het plaasgevind tydens die Gebiedsaamtek.*

*Vervolg op vlg. Bladsy .....*

KAMPVUURNUUS

# TERUGVOER - BESTUURSVERGADERINGS

***Terugvoer – Bestuursvergaderings ....... vervolg***

***Presidente 2013 te Klipdraai – Wesrand is weer verantwoordelik vir die verkoop van kleinkoekies en beskuit. Elke lid sal eersdaag 'n besprekingsvorm ontvang wat direk teruggestuur moet word aan die SAWA kantoo,r voor of op 11 Maart 2013. Looitjieboekies is aan elke bestuurslid uitgedeel vir fondsinsameling. Kom ondersteun ons asb. Julle is welkom om self van die boekies/kaartjies te koop of te verkoop aan familie, vriende en by julle werksplekke.***

***Kontak asb enige van die Bestuurslede, indien daar enige onduidelikhede of vrae is rakende die Wesrand streek.***

***Winnie Soekoe***

KOPPISOL – NOV 2012





OOM PIERRE EN TANNIE BOKKIE EKSTEEN AMIGOS – JAN 2013

KLUB AMIGOS – JAN 2013



KAMPVUURNUUS

# KAMPNUUS

***Kerskamp / Koppisol – 16/17 Nov 2012***


**Ek het dit goedgedink om nie te veel oor die Kerskamp te skryf nie, aangesien ons reeds breedvoerige terugvoering in van die voorgaande artikels gehad het. Ek sal maar net dat die foto's die storie vertel van hoe lekker die kamp vir ons almal was.**

















KAMPVUURNUUS

# KAMPNUUS

*Kerskamp / Koppisol – 16/17 Nov 2012*











KAMPVUURNUUS

# KAMPNUUS

*Gebiedsaamtrek – Klub Amigos – 25/26 Jan 2013*

***Vir nuwe Kampeerders sal ons defnitief glad nie die Gebiedskamp by Klub Amigos ooit vergeet nie.***

***Met ons aankoms daar was ons verbaas om te sien hoe mooi en groot die staanplekke is. Die badkamers, geriewe en die terrein is net so mooi.***

***Die hamburgers was 'n wenner en dit was lekker om saam met al die ander streke se lede te gesels oor waar hulle al gekamp het en te hoor van die ervarings wat hulle al beleef het.***

***Ons het gelukkig die besluit geneem om die stormtoue wel te gebruik, nadat ek eers gedink het dat daar nie 'n kans is vir reën nie. Die weer was fantasties en as dit nie vir Gerda en Fanie was, wat ons van Amigos se snaakse weer vertel het nie, sou dit dalk nie gebeur het nie. Die storm daardie middag was 'n oogoopmaker en het ons geleer dat die stormtoue nie net vir versiering in die karavaan is nie. Ons het nou besluit om stormtoue te gebruik by elke kamp, maak nie saak hoe mooi die weer lyk nie. Amigos het ons geleer dat die weer so vinning soos blits kan omdraai.***

***Saterdagaand se gesamentlike braai was heerlik na die storm en ons en die res van die kampeerders het heerlik gestaan en kuier om die vure, terwyl ons die vleis gebraai het. Die pap en sous was heerlik en ons moet dankie sê aan almal wat die braai en die bykosse gereël het.***

***Sondag was 'n baie rustige dag, nie een van ons was lus om op te pak nie. Die naweek was baie lekker, maar soos gewoonlik, ten minste 'n week te kort.***

***Die kinders het die kamp net soveel soos ons geniet en ons sal weer moet teruggaan soontoe om vir Delné die kans te gee om die groot vis uit te trek, wat haar nie die naweek beskore was nie. Die naweek het weereens vir ons gewys dat die kampeerdery die beste besluit was wat ons kon maak, ten opsigte van die kinders, hulle leer om op hulle eie uit te gaan en die naweek is vir hulle 'n kans om te speel en vriende te maak, wat hulle nie by die huis of by 'n gewone nie-kamp vakansie kan doen nie. Hulle kan nie wag vir die naweke wat ons saam met Sawa uitgaan nie en tel al die dae na die volgende kamp toe af.***

***Behalwe vir die feit dat baie mense skade gekry het met die storm, was dit 'n baie lekker naweek gewees. Dit was lekker om so baie SAWANANTE bymekaar te sien.***

*Groete Schalk en Engela Henning*



KAMPVUURNUUS

# 60 +...... WESRANDERS

**Ek het die volgende op www.woes.co.za gekry en het gedink julle sal dit ook geniet en waardeer.**

**"Die humor van die senior burgers**

**Die humor van die senior burgers het my vandag laat lag. My skoonma wat haar 80ste verjaarsdag al 'n paar jaar gelede gevier het vertel my vandag die storie:**

- **Op 20 wil 'n vrou romanties wakker word**
- **Op 30 wil sy getroud wakker word**
- **Op 40 wil sy 'n ryk vrou wakker word**
- **Op 50 wil sy 'n suksesvolle vrou wakker word**
- **Op 60 wil sy tevrede wakker word**
- **Op 70 wil sy gesond wakker word**
- **Op 80 wil sy net flippen wakker word**

**Toe vra sy, my kind – wat beteken flippen ?"**



Lofdig vir senior burgers
wêreldwyd – Floris A Brown

vandag staan ek voor julle Senior
Burgers, om 'n pryswoord vir julle te
bring

vandag buig ek my hoof voor julle
uit eerbied en respek

ek was julle voete met nardusolie
salf julle van kop tot toon met
seënbede vanuit die Hoogste Troon

[1]

pioniers wat in ons liefde geduld
uithouvermoë kom anker het om die
roeping wat God op ons lewens
geplaas het, raak te sien

pioniers wat die wysheid op jul
kneukels dra jarelange moegheid in
die kraaipootjies om die oë o die jig
pyn eelte onder die voet

julle het oud geword tog steeds
strooi julle sout waar julle gaan want
julle is die sout van die aarde die rots
waarop God se tempel staan

nooit het julle ons, jul kinders
kleinkinders óf agterkleinkinders
in die steek gelaat

pioniers wat myle versit het wat die
landerye vir ons oop geploeg het
sodat ons vandag kan vrugte pluk

pioniers wat ons die leering van God
gebring het, ons aan sy pand laat
klou het al was die pad na Golgota
bloedswetend swaar

[2]

aan sy kruishout sal ek vashou soos
net julle ons geleer het om te klou
op die Heilige Gees sal ons roep as
ons oplossings vir ons probleme soek

vandag is ek op my knieë voor julle
om ook te raak aan die Godheid wat
uit julle straal wag ek ook saam met
julle ... tot Hy ons eendag kom haal

[4]

KAMPVUURNUUS

# 'N LAGGIE VIRRIE DAGGIE

Klein Jannie kry 'n klein katjie by sy ouma present. Die aand hoor Jannie se ma die kat verskriklik skree. "Jannie, jy moet die katjie versigtig optel en dra!" sê sy.
"Ek belowe, Mamma – ek dra hom aan sy stingeltjie!"

V: Wat het Suid-Afrika voor kerslig en paraffien gehad?
A: Elektrisiteit

Koos: "Dis gevaarlik om te drink en te bestuur."
Jan: Hoekom sê jy so, ou Koos?"
Koos: "Ek steek gister my arm by die venster uit om te wys ek draai regs,
Toe steel iemand my bier uit my hand!"

V: Wat is die doel van die kies- en oogtande?
A: Die kiestande kou die kos; die oogtande kyk dat hulle die kouwerk ordentlik doen.

**Mike en Jimmy is moeg vir hulle selfone en besluit om van posduiwe gebruik te maak.**
**Jimmy stuur 'n duif sonder 'n brief.**
**Mike stuur die duif terug met die vraag:**
**"Wat is die boodskap?"**
**Jimmy laat weet: "Domkop.! Dit was 'n missed call!"**

"Mamma, het Liewe Jesus Kleinboet vir ons gegee?"
Ja, skat.
"Dis seker nou baie stil daar by Hom …"

KAMPVUURNUUS

# KAMPDATUMS 2013

25/26/27 Januarie - Klub Amigos (Gebiedskamp)

22/23/24 Februarie – Malonjeni

29 Maart tot 1 April – Presidente by Klipdraai

26/27/28 April – Dube

24/25/26 Mei – Bosveld Oase

28/29/30 Junie – Country Park

23/24/25 Augustus – AJV Klein Paradys

27/28/29 September – Krugersdorp Wildtuin

25/26/27 Oktober – Harbeeshoek

22/23/24 November – Eastco Magalies)

KAMPVUURNUUS

# LIEF & LEED

Geluk aan al die kinders en studente met hulle prestasies in 2012 en voorspoed vir die akademiese jaar in 2013.
Baie geluk aan almal wat verjaar het vanaf Des 2012 tot Jan 2013
Baie geluk aan die manne en vroue wat herdenkings gevier het

Ons dink aan tannie Bokkie Eksteen met die afsterwe van haar suster.

# Wesranders Verjaar

**NB! AS JOU NAAM EN VERJAARDAGDATUM NIE HIERONDER IS NIE *OF NIE REG IS NIE*, KONTAK MY ASB SODAT EK MY LYS KAN OPDATEER.**

**DESEMBER 2012**
03 LEON VAN DER ZWAN
08 HESTER JOUBERT
09 ANDRÉ DE KOKER
10 MONICA V/D BERG
12 LARONE SWANEPOEL
12 CORNELIUS GROBBELAAR
15 GERT COERTZE
17 ANTON GELDENHUYS
20 DOUGLAS COBBLEDICK
29 RETHA GROENEWALD


**JANUARIE 2013**
01 HENDRIK BARRY
06 FRIKKIE KRAUKAMP
13 CHRISTELLE VENTER
30 WAYNE SOEKOE

**FEBRUARIE 2013**
07 MARIKE GROENEWALD
11 GERT OLIVIER
15 LIEZL JOUBERT
17 DALEEN ERASMUS
22 MALINDA SWANEPOEL
22 JANNIE JOUBERT
23 SUNELLE VENTER
25 FRANCOIS GROENEWALD
26 JASON SOEKOE

# VIR ONS JONGSPAN

KAMPVUURNUUS

## Verbind die kolletjies



KAMPVUURNUUS

# VIR ONS JONGSPAN

**Kleur elke dier 'n ander kleur in**

